Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Janine Ontong**
Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Janine.Ontong@westerncape.gov.za | 021 957 9628

Lêerno.: 23/3/4/3
Verwysing: 20231012-8800

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0006/2023

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

**Onderwerp: Viering van Internasionale Skoolbiblioteekmaand (ISBM)**

1. Gedurende Oktober 2023 het skoolbiblioteke in Suid-Afrika en regoor die wêreld biblioteek- en inligtingsdienste by skole gevier en bevorder.

2. Ter viering van ISBM 2023, het die Wes-Kaapse Minister van Onderwys besluit om alle skole, onderwysers en leerders van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) te betrek. Leerders sal die geleentheid kry om hul gevoelens oor biblioteke uit te druk en terselfdertyd hulpbronne vir hul skoolbiblioteek te wen.

3. Die Onderwysbiblioteek- en Inligtingsdienste, in samewerking met die Kantoor van die Ministerie van Onderwys, sal 10 van die WKOD se skole die geleentheid bied om skoolbiblioteekhulpbronne ter waarde van R300 000 te wen. Vanjaar se tema is ***"#BackOnTrack with school libraries!"***

4. Vanjaar kan skole vir twee kategorieë inskryf:
   (a) **Poësiekompetisie (Graad 4 tot 12)**
   (b) **Plakkaat-/Tekenkompetisie (Graad 1 tot 3, wat spesiale skole insluit)**.

5. Die prysgeld in hierdie twee kategorieë word soos volg verdeel:

5.1 **Poësiekompetisie**
- **Drie sekondêre/hoërskole** sal elk R30 000 ontvang vir elke weninskrywing in Engels, Afrikaans en Xhosa.
- **Drie primêre skole** sal elk R30 000 ontvang vir elke weninskrywing in Engels, Afrikaans en Xhosa.

5.2 **Plakkaat-/Tekenkompetisie**

- **Drie primêre skole (Graad 1 tot 3)** sal elk R30 000 ontvang vir elke weninskrywing in Engels, Afrikaans en Xhosa.
- **Een spesiale skool** sal R30 000 vir 'n weninskrywing ontvang.

6. Onderwysers moet die plakkate/tekeninge en gedigte bymekaarmaak en een inskrywing per skool via e-pos aan Alison.Mentor@westerncape.gov.za stuur.

7. Die kompetisie sluit op **Woensdag, 13 Desember 2023**, en die wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word.

8. Die suksesvolle skole sal aangekondig word en die prysuitdeling sal op 'n datum plaasvind wat deur die WKOD bepaal sal word.

9. Navrae oor die kompetisie asook die bepalings en voorwaardes kan gerig word aan Janine Ontong by Janine.Ontong@westerncape.gov.za.

10. Die volgende distriksamptenare van die WKOD kan oor skoolbiblioteekdienste gekontak word:

    Lorné Erasmus – Skoolbiblioteekdiensbeampte
    Overberg: tel. 028 214 7386

    Tirzah Arendse – Skoolbiblioteekdiensbeampte
    Eden en Sentrale Karoo: tel. 044 803 8377

    Vernon Koen – Skoolbiblioteekdiensbeampte
    Metro-Oos: tel. 021 900 7049

    Sinethemba Mdunyelwa – Skoolbiblioteekdiensbeampte
    Weskus: tel. 021 860 1200

11. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van al die betrokkenes te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-10-30